Fisiese kenmerke & menslike aktiwiteite

Eenheid 4 vervolg

Menslike aktiwiteit

Menslike aktiwiteit kan die natuurlike omgewing verander. Die manier waarop menslike aktiwiteite fisiese landskappe verander, gebeur mettertyd.

Vandag het die menslike gebiede meer mense wat daar woon. Tegnologie en die tipe werk wat mense doen, het ook ontwikkel.

Kom ons kyk na ‘n paar maniere waarop menslike aktiwiteite die natuurlike omgewing skade kan aandoen.

1. Die aanlê van dorpe met fabrieke, huise en paaie vernietig die habitat (woonplek) van talle plante en diere

2. Moderne boerdery voeg chemikalieë by die grond

- Dié vergiftigde water beland in riviere en maak plante, visse en voëls dood.

3. Paaie en spoorweë sny deur berge en heuwels

4. Damme verander die vloei van riviere en oorstroom die land

5. Vervoer, soos bote, motors en vragmotors veroorsaak besoedeling met hul enjingasse

6. Paaie en spoorweë beteken mense vestig hulle in ‘n area en sodeonde word die area makliker oorbevolk.

7. Elektrisiteitsmaste en telefoondrade kan vlieënde voëls beseer.

8. Industrieë besoedel die riviere en lug met hul afval.

Hierdie punte waardeur ons pas gewerk het is uiters belangrik!!

Aktiwiteit

Vir hierdie week wil ek graag hê dat julle ‘n kleurvolle breinkaart moet maak. Dit moet die maniere uitwys waarop menslike aktiwiteite die fisiese omgewing seermaak.

Julle mag soveel kleur en prente gebruik soos wat julle goed dink Geniet dit! ☺